

Sondag 13 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 56

Fokusgedeelte: Psalm 56:4, 5

Ek is nie bang nie. Ek vertrou net op God!

Dawid se lewenspad het dikwels deur omstandighede van onsekerheid en gevaar gegaan. Hy moes vir 'n lang tyd voor koning Saul en sy soldate vlug en in die berge wegruip. Hy het teen die reus Goliat geveg. Hy het voor sy eie seun Absalom gevlug.

In Psalm 56 vertel hy van dié keer toe die Filistyne hom in Gat gevange geneem het, maar hy vertel ook wyer van al die tye van teëstand en konflik in sy lewe. Dit is nogal erg, want hoor net: vyande wat van vroeg tot laat my jaag en vervolg (vs 2, 3); hulle vergal my lewe met al hulle bose planne en beskuldigings; soos sluipmoordenaars hou hulle my dop en bly hulle op my hakke (vs 6, 7).

Ons kan met sekerheid sê dat Dawid 'n man is wat met ervaring kan praat. Hy ken gevoelens van vrees, moedeloosheid, frustrasie en woede. Maar wat doen hy? Wat kan ons van Dawid leer as ons lewe ook soms donker, magteloos en moedeloos voel? In hierdie Psalm wys hy vir ons enkele voetspore om te volg.

Heel eerste, soos altyd by Dawid, neem hy sy toevlug tot God (vs 2) en hy praat sy hart uit met God. Hy noem al sy vrese en frustrasies. Belangrik is egter dat hy sy vertrouwe in God se krag as die Allerhoogste uitspel (vs 5, 12). Hy weet dat God in sy lewe teenwoordig is en sy tranes raaksien (vs 9), dat Hy na sy hulpgeroep luister en keer dat hy nie struikel nie (vs 10, 14). God is aan sy kant en daarom is hy nie bang nie. Dit alles is vir Dawid so 'n werklikheid dat dankbaarheid in sy gemoed opborrel (vs 13) en al die ander negatiewe emosies eenkant toe skuif.

Ons het vandag ook die groot voetspoor van die kruis waar Jesus al die angste van die hel in ons plek gedra het. Nog meer as Dawid mag ons uitroep: God is vir ons! Wie kan dan teen ons wees (Rom. 8)?

Sing: Psalm 33-1:10, 11

Dr. SJ van der Walt (Kobus) (Emeritus)